| | Centre Number | Candidate Number |
|---|---|---|
| Candidate Name ______________________ | | |

**International General Certificate of Secondary Education**

**UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE**
**in collaboration with**
**MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA**

# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE 0548/2, 0556/2

PAPER 2 Reading and Writing

**OCTOBER/NOVEMBER SESSION 2002**

2 hours

Candidates answer on the question paper.
No additional materials are required.

**TIME** 2 hours

## INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

Write your name, Centre number and candidate number in the spaces at the top of this page.

Answer **all** questions.

Write your answers in the spaces provided on the question paper.

## INFORMATION FOR CANDIDATES

The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Skryf jou naam, Sentrumnommer en kandidaatnommer in die spasies bo-aan hierdie bladsy.

Beantwoord **alle** vrae.

Skryf jou antwoorde in die spasies voorsien in die vraestel.

## INLIGTING VIR KANDIDATE

Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.

| FOR EXAMINER'S USE | |
|---|---|
| **Part 1** | |
| **Part 2** | |
| **Part 3** | |
| **TOTAL** | |

**This question paper consists of 19 printed pages and 1 blank page.**


© MBEC Namibia 2002

**[Turn over**

**Afdeling 1**

**Oefening 1: Vrae 1–4**

Lees die volgende brokkies oor gesondheid deur en beantwoord vrae **1–4**.

# gesondheid

► Die jongste oor mediese sake vir 'n op en wakker

## Mentol en hoes

Jou ma had reg – mentol streel 'n krapperige hoes weg. In die eerste volledige studie oor die medisinale uitwerking van mentol ('n algemene bestanddeel in hoespreparate) het Britse navorsers bevind dat dit regstreeks op die longe inwerk. Hier kalmeer dit die geïrriteerde senuwee wat die gehoes afgee. Dit stimuleer terselfdertyd ander senuwees wat hoes teenwerk.

## Goeie nuus

**Musiek gee energie. Navorsers sê vroue wat met musiek in hul ore oefen, kan 25 minute langer as hul stiller susters oefen voordat hulle moeg raak.**

## Naelnuus

Die toestand van jou naels sê baie oor jou gesondheid. Kenners meen jou naels gee dikwels die eerste waarskuwingstekens as iets met jou gesondheid skort. Daarom word dokters aangeraai om pasiënte se naels net so dikwels te ondersoek as wat hulle hul bloeddruk meet. As jy siek is, is jou naels dikwels die eerste wat met 'n tekort aan voedingstowwe sukkel en sigbare veranderings toon. Hier is 'n paar algemene naeltoestande en moontlike onderliggende oorsake:

| **Naeltoestand** | **Oorsaak** |
|---|---|
| Bros | Tekort aan water of sink |
| Blouerige skynsel | Swak sirkulasie |
| Bleek | Bloedarmoede |
| Wit | Lewerkwaal |
| Geel/Bruin skynsel | Swaminfeksie |
| Wit kolle of merke | Beskadig weens stamp |
| Vertikale groewe | Stres, of naelgroei wat vertraag weens ouderdom |

## Asyn teen pyn

'n Teelepel asyn laat die pyn kwyn – dis nou te sê as jy jouself sover kan kry om te sluk!

Amerikaanse navorsers sê hulle weet nou hoekom die gevreesde Samoeraivegters van Japan vroeër met 'n sluk asyn agter die blad die wêreld stormgeloop het: asyn is die natuur se eie anti-inflammatoriese middel. Toetse het bewys dat asyn uit tientalle vitamiene en minerale bestaan wat kieme weghou.

'n Enkele lepel appel-asyn bevat onder meer betakaroteen, wat die immuniteitstelsel 'n inspuiting gee en jou kanse op kanker verminder.

Dit bevat ook pektien wat cholesterolvlakke verlaag en hartsiektes verminder.

## Aangebore fiemies

Jou kossmaak kan deur jou gene bepaal word, sê Amerikaanse navorsers. Hulle het bevind dat identiese tweelinge dieselfde voorkeure het. Gevolglik is die afleiding gemaak dat smaak oorerflik is. Kosse waaroor mense sterk gevoelens het (jy hou daarvan of jy haat dit) is lemoensap, versoete ontbytpap, broccoli, maaskaas, hoender en hamburgers. Ouers moet egter daarop let dat kosvoorkeure ook beïnvloed word deur sogenaamde verbode kosse. Kos waarvoor kinders lief is, is dikwels verbode smulgoed. Dit is nie dié kos wat hul ouers wil hê hulle moet eet nie, maar lekkernye wat hulle net deur te neul in die hande kry.

*Verwerk uit: SARIE, 21 Junie 1995 – SARIE, 10 Mei 1995*

For Examiner's Use

1 Watter bestanddeel in hoesstrope werk hoes teen?

..........................................................................................................................................[1]

2 Gee ‘n rede waarom dit beter is om na musiek te luister terwyl jy oefen.

..........................................................................................................................................[1]

3 Watter produk uit die koskas kan jy drink om jou kanse op kanker te verminder?

..........................................................................................................................................[1]

4 Noem twee dinge wat ‘n invloed het op kosvoorkeure by die mens.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

[Totaal : 5]

**Oefening 2: Vrae 5–9**

Lees die artikel oor Koko die gorilla en beantwoord vrae **5–9** deur 'n kruisie [X] te maak in die blokkie langs die korrekte antwoord.

# Die 'sagte' kat sit op my kop!

**Oor Koko die gorilla en haar liefde vir katte het Huisgenoot al vantevore geskryf ... ook oor haar verbasende vernuf met gebaretaal. Maar wat Koko deesdae kan doen, laat selfs die geleerdes stom ...**

**Edward Parker**

NAVORSERS kan steeds nie uitgepraat raak oor Koko nie. Eers het die sagaardige reus, wat by die 110kg weeg, 'n kleine kietsie aangeneem en met die katjie begin kommunikeer, en nou – ná twee jaar en baie geduld – is bewys dat Koko die gorillawyfie vyfhonderd mense-woorde kan 'praat' en selfs kan 'lees'.

Vir diegene wat navorsing doen oor kommunikasie by diere, is Koko se vordering 'n reusedeurbraak.

Twee jaar gelede het *Huisgenoot* ook geskryf oor dié besondere gorilla, wat al vyftien jaar lank deur dr. Penny Patterson by 'n instituut in Kalifornië versorg word. Sy het wêreldwyd opspraak gewek deur die gorilla gebaretaal te leer – die soort wat deur die dowes in Amerika gebruik word.

Die tweede katjie wat aan Koko geskenk is, is nou al behoorlik deel van haar lewe. Die grote gorilla gee niks om as die katjie bo-oor haar klouter en klim en val nie; selfs nie eens as die katjie op haar kop sit nie. Sy beduie vir dr. Patterson dat die katjie 'sag' en 'goed' is.

Ná vyftien jaar kan dr. Patterson nou bewys dat Koko vyfhonderd woorde magtig is. 'Sy boots nie net na wat ek vir haar sê nie, sy skep selfs haar eie woorde,' vertel dr. Patterson.

Só verwys Koko bv. na 'n masker as 'n 'ooghoed' en 'n ring beskryf sy as 'n 'vingerarmband'. Ertjies noem sy 'boontjie-balle' – haar eie verwerkings van begrippe.

'En moenie dink sy verstaan nie wat om haar aangaan nie,' waarsku dr. Patterson.

Koko het eendag gehoor hoe 'n ma bv. gewaarsku word om nie haar baba te naby Koko te bring nie omdat dié die baba glo sou byt. Toe Koko later oor die besoek uitgevra is, het sy met gebaretaal beduie:"Insult teeth me.' Dit beteken hulle het haar beledig.

Toe 'n aardskudding San Francisco getref het, was Koko se woorde:

'Grond sleg byt. Gevaar. Gevaar.'

Sy is selfs slim genoeg om rymwoorde te gebruik om iets te beskryf as sy nie van 'n woord seker is nie.

Toe een van die vroue by die instituut vir Koko vra of sy al gelees het, het Koko aanmekaar bly sê: 'Red. Red.' Dit, het hulle op die ou einde afgelei, het nie rooi beteken nie, maar 'read'. Sy het reeds die boek gelees, maar sy het nie geweet hoe om dit oor te dra nie.

Die doel van dr. Patterson se jarelange proefneming met Koko is om te bewys dat gorillas hoogs intelligente diere is. 'Koko se taalvermoëns is vandag gelykstaande aan dié van 'n vyfjarige kind wat begin lees,' sê dr. Patterson.

Nou het Koko ook 'n maat gekry. Sy naam is Michael, 'n gorilla-mannetjie. Dr. Patterson hoop hy en Koko sal paar, sodat Koko haar baba ook kan leer om deur gebaretaal te kommunikeer.

***Uit: Huisgenoot, Naspers***

For Examiner's Use

5 Watter mense is veral geïnteresseerd in Koko se vordering?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Wetenskaplikes wat navorsing doen oor kommunikasie by diere. |
| **B** | | Wetenskaplikes wat gorillas bestudeer. |
| **C** | | Wetenskaplikes wat glo diere kan soos mense praat. |
| **D** | | Wetenskaplikes wat nuuskierig is oor waartoe diere alles in staat is. |

6 Waarom kan dr. Patterson met reg sê dat Koko soos ‘n mens kan kommunikeer?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Koko praat soos ‘n mens. |
| **B** | | Koko praat gebaretaal. |
| **C** | | Koko boots alles na wat dr. Patterson sê. |
| **D** | | Koko skep self haar eie woorde. |

7 Koko het ‘n waarskuwing aan ‘n moeder met ‘n baba om dit nie te naby aan Koko te waag nie, ervaar as:

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | ‘n grap. |
| **B** | | ‘n kompliment. |
| **C** | | ‘n bedreiging. |
| **D** | | ‘n belediging. |

8 Wat is die doel van dr. Patterson se proefneming?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Sy wil Koko leer kommunikeer. |
| **B** | | Sy bestudeer gorillas. |
| **C** | | Sy wil bewys dat gorillas intelligente diere is. |
| **D** | | Sy leer gorillas gebaretaal. |

9 Watter hoop koester dr. Patterson vir Koko se nageslag?

| | | |
|---|---|---|
| **A** | | Dat hulle ook so slim soos Koko sal wees. |
| **B** | | Dat hulle ook deur gebaretaal sal kan kommunikeer. |
| **C** | | Dat hulle ook bekende gorillas soos Koko sal wees. |
| **D** | | Dat navorsers hulle ook sal bestudeer. |

[Totaal : 5]

**Oefening 3: Vrae 10–14**

Lees die volgende artikel oor president Sam Nujoma deur en beantwoord vrae **10–14**.

# Stemmige Sam, die makou-man

DIE president stap die groot tuin om Staatshuis in Windhoek binne met ‘n breë, wit glimlag op die gesig, ‘n bakkie mielies in die hand en ‘n string kinders en wagte agterna.

Dis net ná vyf en die presidensiële makoue gaan nou gevoer word. Deur die president self.

Teen die hoë tralieheining, hul rûe na die makoue gedraai, staar twee soldate verby hul masjiengewere se lope oor die stad uit, tot in die verte, waar ry op ry huisies se dakke in die laatmiddagson blink.

Op daardie einste vlakte, in ‘n karige huisie, het die president ook al gewoon. Toe was hy nog ‘n teemaker by die Spoorweë, later kantoorskoonmaker, nog later die kêrel wat ‘n paal moes staan en vashou terwyl die landmeter vir hom beduie hoe hy dit moet skuif.

Sy handdruk is sag en hy hou nie ‘n oomblik op met glimlag nie. En, anders as baie ander politici, is hy nie skaam vir sy verlede nie. Hy ken makoue, beeste en skape, sê hy, want hy het as kind omtrent voltyds sy pa se vee opgepas.

Die president skiet die laaste bietjie mielies uit en stap terug Staatshuis toe, met die kinders weer agterna. Nee, nee, beduie hy, dis nie almal syne nie. Dis vier van sy ses aangenome kinders, die res is kleinkinders.

DIE president het nooit die geleentheid gehad om verder as st. 6 te leer nie.

“Skool was ‘n bysaak toe ek ‘n kind was,” vertel hy. “In die noorde waar ek grootgeword het, is ‘n man se rykdom gemeet aan die aantal beeste wat jy besit. Dit was letterlik jou bank.”

“Soms het ek ‘n maand of twee se skool verloor, want ek was die hele tyd in die veld by die beeste. Tog het ek altyd my vakke geslaag.”

Op sewentien is hy na sy tante op Walvisbaai, waar hy in ‘n winkel begin werk het.

“Ek onthou goed toe ek my eerste geld verdien het, het ek vir my ma ‘n Singer-naaimasjien gekoop en dit vir haar gestuur. Dit was nog van daardie soort wat jy met die slingertjie draai.”

In 1948, ná sy tante se skielike dood, is hy Windhoek toe om vir die Spoorweë te gaan werk.

DIE president van Namibië is dalk die enigste staatshoof ter wêreld wat sy groente kweek.

Tuinmaak, sê hy, laat hom van al sy dokumente, lêers en boeke vergeet. Daarom het hy op sy kleinhoewe buite Windhoek ‘n groot groentetuin wat hy self bewerk.

Iemand kom die vertrek binne en sit ‘n glas sodawater voor hom neer. Dis min of meer die sterkste drankie wat hy drink. Hy vertel hoe lief hy vir jag, visvang, sokker en oefening, veral swem is.

Hier teen vyfuur soggens trek hy sy sweetpak aan.

“Ek stap omtrent vyftig keer op en af met die trap, sodat dit darem voel asof ek iets gedoen het. Dis vir my lekker om te gaan swem as ek warm geoefen is. Swem is die beste oefening wat daar is.”

Dis net jammer, kla die president, dat Namibië se see so ysig koud is. Daarom vang hy maar eerder vis wanneer hy aan die Seekus van die Dood vakansie hou.

DIT is darem nie net pret en plesier in Namibië nie.

Die president druk sy vingerpunte teen mekaar en vertel hoe nodig dit is dat elke burger ‘n bydrae tot die land se ekonomie moet maak. Daarom glo hy niks is belangriker as opvoeding en opleiding nie.

*Verwerk uit: Huisgenoot, 15 Junie 1995*

For Examiner's Use

**10** Wat was die eerste betrekking (werk) wat die president beklee het?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

**11** Waaruit kan ons aflei dat die president baie lief is vir kinders?

..........................................................................................................................................[1]

**12** Waarom het president Sam Nujoma nie sy skoolloopbaan klaargemaak nie?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

**13** Watter twee dinge onderskei die president van ander staatshoofde en politici?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

**14** Noem twee van die president se stokperdjies.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

[Totaal : 8]

**Afdeling 2**

**Oefening 1: Vrae 15–20**

Lees deur die volgende toneelstuk en beantwoord dan vrae **15–20**.

# Spook op die Internet

Japie Pienaar

Toneel een: Speel af in die nuwe rekenaarsentrum van die skool. Die lede van die rekenaarklub het elk hul eie rekenaar waarby hulle pouses en na skool kan sit en werk. Hulle is veral lief daarvoor om met die Internet te speel en boodskappe op die sogenaamde E-pos vir mekaar te stuur.

KARA: Janine, ek's verveeld. Kom ons stuur 'n paar boodskappe met E-pos na van die ander rekenaars.

JANINE: Wat is E-pos? Ek weet niks van hierdie simpel masjiene nie, onthou.

KARA: Dis iets wat jy op die Internet kan doen. Jy tik 'n kode in en dan stuur jy 'n boodskap vir 'n ander persoon op sy rekenaar. Dit staan vir elektroniese pos. 'n Mens moet net oppas, partykeer kry jy die kode verkeerd, dan sien die hele netwerk jou boodskap.

JANINE: Nou vir wie wil jy 'n boodskap stuur? Wie verdien ons kosbare gedagtes?

KARA: *(giggel)*: Wel, daar is natuurlik Steven daar anderkant. Ek kry juis die gevoel dat hy ons dophou.

JANINE: Nou wat wil jy vir hom sê? Jy weet natuurlik wie baie graag van jou sal wil hoor ...

KARA: Moet net nie weer met die Jonathan-storie begin nie. Ek smeek jou.

*(Janine ignoreer haar en gaan aan met haar eie rekenaar)*

KARA: *(begin tik en lees wat sy skryf net hard genoeg vir haar vriendin om te hoor)* : "Haai ex/stef/007 jy lyk so droomverlore. Ek wens ek kon jou droom vir jou help vind. Ontmoet my vanaand na sewe-uur hier tussen die romantiese rekenaars. Van bla-bla-bla ..."

JANINE: Word groot, Kara. Ek kan sweer Jonathan is wasbleek daar oorkant. Jy sê mos 'n boodskap verskyn soms op 'n netwerk rekenaars. Hy't dit seker gelees!

KARA: Dit pla my min. Dan kry hy dalk die boodskap. Kyk! Hier's 'n boodskap terug. "Sewe-uur klink ligjare ver … van ex/stef/007." Die rekenaar beteken tog iets, nè?

*Toneel twee: In dieselfde lokaal, maar dit is nou aand en dis donker. Kara verskyn, voel met haar hand langs die muur tot sy die ligskakelaar kry. Sy kyk onseker rond, merk dan dat haar rekenaar aangeskakel is. Sy frons verbaas.*

KARA: *(fronsend, mompel by haarself):* Dis vreemd, ek het my rekenaar vanmiddag afgeskakel.

*(Sy stap tot by haar rekenaar)*

KARA: Maar … hier is 'n boodskap. Laat ek sien. "Soek daai droom, Sussie. Dis dalk jou laaste droom. Van die Interspook." *(Nou effens senuweeagtig)* Baie snaaks. Steven, as dit jou idee van 'n grap is, hou asseblief dadelik op.

*(Op daardie oomblik gaan die ligte skielik af. Net daarna klap die deur hard toe.)*

KARA: W…ww…wie's daar? Skakel asseblief die lig aan! *(Nou heel paniekbevange)* Ek kan niks sien nie! *(Sien hoe die boodskap op haar skerm verander)* Wat wil jy hê? *(Lees weer van skerm af)* "As jy jou lewe liefhet, hou op om Steven te pla. Stap nou na die deur, gaan huis toe en los hom uit. Onthou: Die Interspook hou jou dop. Jou skerm sal nooit weer 'n veilige plek wees nie." *(Nou heel histeries)* Wie's jy? Ek weet jy sit en tik iewers hier in die donker. Jonathan, as dit jy is, laat my asseblief gaan.

*(Die volgende oomblik verskyn 'n wit gedaante vaagweg in die donker. Kara gil en storm na die deur.)*

*Toneel drie: Die volgende oggend in dieselfde klas. Kara kom die vertrek onseker binne. Steven kom nader, lyk ongelukkig.*

STEVEN: Waar was jy gisteraand? Ek het soos 'n uilskuiken op jou gesit en wag!

KARA: *(onseker)* E … Jy was nie sewe-uur hier nie, toe loop ek maar …

STEVEN: Ek laat nie met my die gek skeer nie. Stuur volgende keer vir ander ouens uitnodigings op die Internet. *(Draai om en loop na sy rekenaar)*

*(Kara staan 'n oomblik verdwaas en stap dan na Jonathan se bank)*

KARA: Jonathan, was jy gisteraand hier in die rekenaarklas?

JONATHAN: As jy dalk hier was, is ek spyt ek was nie ook nie. Wat van vanaand?

KARA: Hou op met jou grappies. Waar was jy gisteraand?

JONATHAN: Ek, Speurder Kara, was gisteraand sewe-uur besig om koffie te drink saam met jou vriendin Janine. Vra haar.

KARA: Wie het iets gesê van sewe-uur, Jonathan?

JONATHAN: O, ek antwoord maar net jou vrae so volledig as moontlik. Nog iets voor jy my in hegtenis neem? Terloops, ek hoop hulle sluit my toe in jou koshuiskamer.

*(Kara draai geïrriteerd om en loop na haar rekenaar. Sien Janine agter haar rekenaar staan)*

KARA: Janine, was jy en Jonathan gisteraand saam?

JANINE: Ja, het jy 'n probleem daarmee? Kara, watse weird boodskappe kry jy? Hoor hier: "Onthou ons afspraak, Karatjie. Met liefde, van die Interspook."

(Kara bars in trane uit, hardloop uit die klas. Die res kyk haar verbaas agterna.)

**15** Wanneer mag leerlinge in die rekenaarsentrum gaan werk?

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[1]

**16** Waarvoor staan E-pos?

..........................................................................................................................................[1]

**17** Wat kan gebeur as jy die verkeerde E-pos kode intik?

..........................................................................................................................................[1]

**18** Wat was Steven se E-pos kode?

..........................................................................................................................................[1]

**19** Kies die korrekte antwoord en gee 'n rede vir jou keuse.

Hierdie toneelstuk is 'n voorbeeld van 'n

komedie / drama / riller.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[2]

**20** Die "interspook" kan verskillende mense wees. Kies een van die volgende moontlikhede en sê waarom jy dink dis moontlik hy en/of sy:

(i) Jonathan
(ii) Janine
(iii) Steven
(iv) Steven en Janine saam

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................[4]

[Totaal : 10]

BLANK PAGE

**Oefening 2: Vraag 21**

Lees die onderstaande advertensie-artikel deur en voer die opdragte noukeurig uit.

# Versorg visse só

**Visse in 'n vrolike akwarium kan kinders net soveel plesier gee soos ander diertjies. PROF. JOHANNES ODENDAAL van die Universiteit van Pretoria vertel in dié aflewering van ons troeteldierreeks hoe om visse in 'n akwarium te versorg.**

AKWARIUMS kan vars water of seewater en koue of verhitte (tropiese) water hê. Die goudvissie is die bekendste varswatervis wat in koue water leef. Tropiese visse is die naasgewildste vir vistenks. Hoewel seewaterakwariums mooier lyk en 'n groot verskeidenheid visse kan huisves, is hulle moeiliker om te onderhou.

Akwariums wissel van die gewone ronde, oop bak tot dié wat honderde liters water kan hou. Dierekenners raai mense aan om behoorlik ontwerpte vistenks by troeteldierwinkels te koop.

Moenie die akwarium naby trekke, regstreekse sonlig of verwarmers plaas nie. Dit moet naby 'n kragbron wees en stewig op 'n gelyk oppervlak staan omdat water baie swaar is.

Lewende plante binne die akwarium kan dit interessant laat lyk, en sommige visse lê hul eiers op die plante. Dit bied ook skuiling vir skaam visse. Plante kan die groei van alge beheer, suurstof voorsien en die giftige koolsuurgas opneem. Talle ander aantreklike dekor is by troeteldierwinkels te koop en kan in die akwarium geplaas word.

Visse moenie te veel kos gegee word nie. Hulle kan een tot twee keer per dag gevoer word, maar dan net soveel as wat hulle binne sowat drie minute kan eet. As hulle te veel eet, skei hulle te veel verteerde kos uit wat saam met die kos wat nie geëet is nie, die tenk besoedel en alge laat groei.

Vir mense wat met vakansie wil gaan, is spesiale viskos beskikbaar wat oor 'n periode van twee tot sewe dae die visse voed deur langsaam in die water op te los.

Die toestand van die water is die hoofoorsaak van vissterftes. Daar is gelukkig toerusting beskikbaar om die water se gehalte te toets en te monitor. Temperatuurkonstantheid, ligvoorsiening, filtrasie, sirkulasiestrominge, lug- en gasbalans, hardheid, alkaliteit, minerale en troebelheid is belangrik vir die gehalte van die water in die akwarium. Akwariums moet weekliks nagegaan word. Elke twee tot vier weke moet 25 persent van die tenk se watervolume vervang word.

Visse is baie gevoelig vir skielike veranderings in hul akwarium. Te veel suurstof lei tot gasborrelsiekte. Maar te min suurstof laat die visse op die oppervlak van die water gaap, of hulle drom om die opening van die lugpypie saam.

Visse wat geïrriteerd is, soos wanneer parasiete hulle pla, kan onderstebo swem, skuur of hul vinne klap. Een van die bekendste parasiete is dié wat witvleksiekte veroorsaak.

Die aanhou van visse is skeppend en 'n stokperdjie wat kan ontwikkel. 'n Kind kan klein begin en saam met die akwarium groei.

Boonop het die blote dophou van die visse 'n kalmerende uitwerking op die kind.

***Verwerk uit: Sarie, 2 Maart 1994***

For Examiner's Use

**(a)** Maak 'n opsomming van ongeveer 40 woorde oor die hantering en versorging van 'n akwarium.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

........................................................................................................................................[4]

**(b)** Skryf in ongeveer 20 woorde watter voordele die aanhou van 'n akwarium vir kinders inhou.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................


..........................................................................................................................................

........................................................................................................................................[4]

[Totaal : 8]

**Oefening 3: Vraag 22**

Lees die onderstaande rubriek deur. Maak gebruik van die inligting uit die stuk en skryf 'n opsomming van ongeveer **100 woorde** oor watter *waarde* die skryf van eksamens vir *'n mens se lewe* inhou. Dui die aantal woorde tussen hakies aan.



# ankers en vleuels

**Deur Solly Ozrovech**

**ELKE** eksamen – of dit skool-, kollege- of universiteitseksamen is – is slegs 'n vakleerlingskap vir die eksamen van die lewe. Wie hierdie belangrike feit miskyk, is naïef en gaan wreed deur die lewe ontnugter word.

Eksamens is nie maar net 'n martelmetode wat een of ander wreedaard ontwerp het om jong mense te teister nie. Dis 'n evolusie wat oor die eeue heen 'n vaste vorm aangeneem het om nie net jou kennis te toets nie, maar ook jou lewensvaardighede en jou volwassenheid. Jou volwasse lewe is gewoonlik 'n verlengstuk van die manier waarop jy eksamens benader.

Soos die lewe vereis eksamens harde, toegewyde werk oor 'n lang tyd van jou. Jy moet gefokus bly op wat jy moet doen. Daar is in albei gevalle geen plaasvervanger vir eerlike, harde werk nie.

Jou integriteit in die lewe sal grootliks bepaal word deur jou integriteit met 'n eksamen. Dis ontstellend om van al die bedrog en oneerlikheid in eksamens te verneem. Eksamens het te doen met karakterbou en onderwerping aan die dissipline van waarheid; om te weet wat jy weergee, is jou eie werk – die resultaat van jou inspanning. Anders mis die eksamen – en die lewe – sy wesenlike doel. En dit het niks met reputasie te doen nie, maar met karakter. Reputasie is wat mense van jou dink; karakter is wat God van jou wéét. Die mens met integriteit sal liewer 'n laer punt kry of minder wins op sy produk maak as om oneerlik te wees. Eksamen het uiteindelik te doen met die karakter en integriteit van 'n nasie.

Eksamens, soos die lewe, het te doen met wilskrag en geloofskrag. Dit kweek die wete dat as ek my plig doen, ek kan voldoen aan die eise wat aan my gestel word. Soveel mense knak en vou dubbel as hulle voor dié eise gestel word. En dan kies hulle die maklike bevrydingspad: 'n gewaande siekte, die "senuwees" slaan toe of dergelike verskonings.

Eksamens is 'n toets vir voortreflikheid. Of jy slaag of druip, is 99 persent van jou afhanklik. Jy kan nie ander die skuld gee nie. Dit is in die lewe presies so. Ongelukkig is daar te veel mense wat selfverskonend gaan skuil agter 'n gees van selfbejammering: my agtergrond is sodanig dat ek nie al die kanse het wat ander het nie; my ouers het my nie ondersteun nie; die onderwysers het gefaal; ek het ongelukkig net een talent ontvang. Jy mag miskien nog wegkom in 'n eksamen, maar die lewe wreek hom op hierdie Jan Salies wat voorkeurbehandeling verwag omdat hulle kwansuis deur die lewe benadeel is. Uitnemendheid vereis die inset van al jou vermoëns en die gee van slegs jou allerbeste. Niemand kan in die lewe van jou meer verwag as jou beste nie … en die lewe sal jou beloon as jy gewillig is om selfs onder moeilike omstandighede hierdie offer te bring.

Eksamens bepaal jou vermoë om gesonde verhoudings te bou. Geen mens is 'n eiland nie. Langs die pad is leermeesters wat jou begelei het; ouers wat jou met liefde ondersteun en vir jou bid; vriende wat jou dra met hul belangstelling en goeie wense. Dit maak van die eksamen 'n besondere geleentheid om jou verhoudingslewe 'n slag te evalueer.

Dit openbaar aan jou die gehalte van die verhoudings wat jy oor die jare opgebou het en sal die basis vorm van die verhoudings wat jy in die toekoms sal hê. Jy sal regdeur jou lewe 'n onmisbare ondersteuningsgroep nodig hê.

Dis nog meer so in die lewe: die gehalte van jou verhoudingslewe bepaal grootliks die gehalte van jou lewe.

***Uit: SARIE***

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

..........................................................................................................................................................

[Totaal : 8]

For Examiner's Use

## Afdeling 3

**Oefening 1: Vraag 23**

Jy was onlangs met vakansie na ‘n interessante plek. Skryf ‘n brief van 100–150 woorde aan ‘n vriend of ‘n vriendin en vertel aan hom of haar wat jy alles gedoen en gesien het. Jy mag van die onderstaande prente gebruik maak vir idees.

Beste ......................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal : 12]



For Examiner's Use

**Oefening 2: Vraag 24**

Vergete is die dae toe jy nog sommer 'n klomp goed met N$50 (R50) kon koop en kleingeld kry. Deesdae is hierdie noot so min werd dat 'n mens wonder wat jy daarmee sou koop as dit al was wat jy gehad het.

'n Bekende Afrikaanse tydskrif het 'n kompetisie geloods waarin jy 'n opstel van 150–200 woorde moet skryf en vertel wat jy met N$50 (R50) sal doen. Die deelnemer met die oorspronklikste gedagtes kan groot pryse wen.

Skryf nou hierdie opstel.

**Met N$50 (R50) in my sak …**

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

........................................................................................................................................................

[Totaal : 16]

For Examiner's Use

**Oefening 3: Vraag 25**

**ENTREPRENEURSDAG***

Jou skool beplan om 'n entrepreneursdag te hou waar leerlinge die geleentheid gebied word om hulle eie geld te verdien. Belangstellendes kry elkeen sy of haar eie stalletjie wat 'n uitstekende geleentheid vir kinders bied om hul sakevernuf op die proef te stel. Dit kan die wegspringplek wees wat 'n skoolverlater in staat stel om 'n werkverskaffer eerder as 'n werksoeker te word.

Alle leerlinge word genooi om goedere en dienste op die dag te kom verkoop – of dit nou vervaardig, gebak, gewerk, gebou, geplant of gesing word!

Om deel te neem, moet jy 'n voorlegging van 150–200 woorde skryf vir die skool waarin jy verduidelik wat jy beplan om op hierdie dag te doen.

Belangrike dinge wat in gedagte gehou moet word, is onder andere:

1. Wat verkoop of gelewer gaan word
2. Die hoeveelheid
3. Jou uitgawes
4. Moontlike advertensie
5. Voorkoms van jou stalletjie
6. Helpers (indien enige) ensovoorts.

***Entrepreneur: Iemand wat iets nuuts organiseer en bestuur, 'n nuwe rigting inslaan.**

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

For Examiner's Use

....................................................................................................................................

....................................................................................................................................

....................................................................................................................................

....................................................................................................................................

....................................................................................................................................

[Totaal : 12]